Preek
Sondag 9 Maart 2008
Ds Freddie Schoeman

Skriflesing: Matt 25

Die Here se droom vir elkeen van ons is 'n lewe van liefde, vreugde en vrede. Hoe bereik ons hierdie droom – hoe kan ons by hierdie droom uitkom?

Ons kom by hierdie droom uit deur God se spoor te volg. En om God se spoor te volg moet ons weet hoe lyk die spoor. Ons is op die oomblik besig om te kyk na die kenmerke van God se spoor.

Tot dusver het ons drie kenmerke van God se spoor geïdentifiseer:

- God is lief vir ons
- God sorg vir ons
- God gee ons krag

Vandag kyk ons na 'n vierde kenmerk: God maak ons heel en nuut.

In Lukas 2:52 is kry ons 'n stukkie baie besondere inligting oor Jesus. Dit volg net na die verhaal oor sy ontmoeting met die leermeesters in die tempel toe Hy twaalf jaar oud was – toe sy ouers nie geweet het waar Hy was nie en hulle Hom uiteindelik in die tempel opgespoor het.

En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem.

Hierdie vers sê vir ons dat Jesus op vier lewensterreine ontwikkel het: verstandelik – sy intellek, sy kennis het toegeneem, Hy het gestudeer (sy kennis is nie op 'n bo-natuurlik manier vir Hom gegee nie), liggaamlik – d.w.s. fisiek gegroei; Hy ook gegroei in sy verhouding met mense (in guns by mense toegeneem) en ook in sy verhouding met God (vreemd).

Daar was in Jesus 'n groot potensiaal opgesluit – maar dit moes groei en ontwikkel.

Net soos enige ander mens.

Binne in elkeen van ons het die Here 'n groot stuk potensiaal opgesluit. Ons sukkel meesal om hierdie potensiaal te laat uitkom. Ons potensiaal word beperk. Dit rede daarvoor is dat ons gevangenes is wat ingekerker word deur beperkings wat ons en ander mense op onsself plaas. God wil ons kom vrymaak, God wil ons kom verlos uit hierdie tronk, uit hierdie kerker, sodat ons weer kan leef – met oorgawe kan leef – 'n lewe van liefde, vreugde en vrede.

Wat perk ons in? Drie dinge hoofsaaklik:

- Besluite wat ons geneem het (…)
- Dinge wat met ons gebeur het (…)
- Dit wat mense aan ons gedoen het (…)

Hierdie drie dinge bepaal wie en wat ons vandag is. Vir sommige mense is dit positiewe dinge – dit het hulle gehelp om hulle potensiaal te ontsluit. In die meeste gevalle is dit negatief – dit het skade gedoen, dit het seergemaak, dit is dinge wat ons potensiaal beperk / aan bande lê. Dis asof ons in 'n kassie is waaruit ons nie kan klim nie.

[Vertoning]

Ek kry die idee dat baie mense in so 'n kassie is – hulle smag daarna om uit te breek en regtig te begin lewe – maar hulle word aan band gelê deur 'n magdom "Ek kan nie's" en "Ek mag nie's"

Die Here wil ons help om uit hierdie kassie te klim. Die Here wil ons help weer heel te word, Hy wil ons nuut maak en herstel – sodat die ontsaglik potensiaal in elkeen van ons ontgin kan word. Om werklik 'n lewe van liefde, vreugde en vrede te leef, is dit ontsaglik nodig dat ons ons potensiaal sal ontwikkel.

Dis wat Jesus gedoen het! Hy het gegroei, Hy het ontwikkel – Hy het nie toegelaat dat enige iemand Hom in 'n kassie indruk nie – minste van almal die Satan in die woestyn!

Die drie dinge wat ons of help om te ontwikkel of ons potensiaal onderdruk is: dinge, mense, besluite.

Voorbeeld:

Hoekom nie eerder die A's vat en dit ontwikkel tot iets manjefiek en uitstaande nie?

(Navorsing: Gallup Organisasie – 77%)

Die wêreld waarin ons leef wil om die een of ander rede hê ons moet meer aandag meer tyd meer geld spandeer in dié areas van ons lewe waar ons duidelik nie potensiaal het nie.

Die gevolg hiervan is dat slegs 17% van mense in hulle werkplekke voel dat hulle aangewend word in die rigting waarin hulle goed is of potensiaal het. Dis g'n wonder dat so min mense werklik werksbevrediging het!

Ek dink die afgelope tyd baie gedink aan die gelykenis wat Jesus vertel het in Matt 25 wat ons gelees het.

Wat sê hierdie gelykenis? Wat is die diepste boodskap?

Soos wat die man in die gelykenis goue muntstukke in die hande van sy diensknegte geplaas het – so plaas die Here in ons hande "goue muntstukke" – 'n klomp talente, 'n klomp gawes, 'n klomp vermoëns. Hy vertrou dit aan ons toe.

Ons kan sê dat die Here in ons belê – Hy kom lê in ons lewens 'n groot hoeveelheid potensiaal. Die verwagting wat die Here van ons het is dat hierdie potensiaal ontgin sal word – dat sal groei en ontwikkel en uiteindelik die opbrengs of rendement sal lewer wat die Here verwag.

Van watter soort vermoëns praat ons?

- Die vermoë om met mense empatiseer en verhoudings te bou
- Die vermoë om dinge te organiseer
- Die vermoë om probleme of swakpunte raak te sien en reg te maak
- Die vermoë om ingewikkelde dinge te verstaan
- Die vermoë om inligting te versamel en dit effektief aan te wend
- Die vermoë om strategies te dien en instinktief die beste roete te kies

Wat het ons in ons hande? Kosbare, waardevolle, goue muntstukke. Wat maak ons daarmee?

Elkeen van ons het 'n bydrae om te maak tot die wêreld waarin ons leef – waarin in die Here ons geplaas het. Ons besit die vermoë om waarde toe te voeg - tot ons gesinne - tot die organisasies waaraan ons behoort – die geloofsgemeenskap waarvan ons deel is – tot die plek waar ons werk – tot die mense wat die Here oor ons pad stuur.

Die Here se verwagting is dat ons juis dit sal doen: dat ons die potensiaal en die vermoëns wat Hy vir ons gegee het sal gebruik om waarde toe te voeg – om orals waar ons kom dinge, mense plekke, organisasies – sal verhef en versterk – kwaliteitsverskil maak in mense se lewens.

As ons dit doen – is ons betekenisvol nader aan die lewe wat die Here vir ons in gedagte het – 'n lewe van liefde, vreugde en vrede. Ek dink daar is min dinge wat 'n mens groter vreugde kan verskaf as om te weet ons lewens saak maak en van betekenis is.

En uiteindelik, om aan die einde van ons lewens te kan hoor: Mooi so, welgedaan, goeie en getroue dienskneg. Kan jy jouself voorstel!?

Amen